**Dawid en die verbondsark kom na Jerusalem**

**2 Sam 5:6-6:23**

**13 Oktober 2024**

1. Vantevore: Saul sterf en sy kop word afgekap – verwerp deur die Here. Dawid word koning – eers oor Juda en later oor die hele Israel. Dawid is steeds 'n tipe van die Here Jesus: soek die wil van die Here, wag geduldig om koning te word, treur oor sy vyande se dood, oordeel regverdig.
2. Die inname van Jerusalem (2 Sam 5:6-10, 1 Kron 11:4-9)
    a. Jerusalem steeds beset deur Jebusiete (Jos 15:63, Rigters 1:8,21)
    b. Dawid neem die stad in – word die Dawidstad, vanwaar Dawid vir 33 jaar oor Israel regeer
3. Oorbring van die ark na Jerusalem (2 Sam 6:1-23, 1 Kron 13, 15-16)
    a. Die ark was steeds in Baäla/Kirjat-Jearim (1 Sam 4-7, vgl Jos 15:9,60)
    b. Verbondsark = ark van God waaroor die Naam van die Here, Heerser oor alle magte, uitgeroep is (2 Sam 6:2). Verbondsark was voetbank van Here se troon op aarde.
    c. Eerste poging: Dawid en leiers gaan haal die ark, ark word op wa vervoer, osse struikel, Ussa gryp na die ark, Ussa sterf, Dawid word ontsteld en bang, ark gaan na Obed-Edom.
    d. Tweede poging: Tent word in Jerusalem opgerig, priesters/Leviete heilig hulle – hulle moet ark dra, sangers/musikante gereël. Dawid gaan haal ark met vreugde. Dawid en Leviete dra linneklere (vgl Eks 28:4,39,42). Plaas ark in tent in Jerusalem. Bring offers aan die Here. Dawid deel brood/koek uit. Migal verag Dawid – maar Dawid wil eerder deur slavinne geëer word as Migal.
4. Betekenis van hierdie gebeure
    a. Tipes: Dawid as koning – tipe van Jesus wat as Koning duiwel se kop vermorsel (vraagstuk 3). Jerusalem – tipe van nuwe Jerusalem. Verbondsark – tipe van Jesus in wie gelowiges skuil onder Sy bloed op versoendeksel (vraagstuk 1 – sondeskuld).
    b. Dawid in linneklere – beeld Dawid uit as koning en priester – soos Melgisedek – soos Jesus as Priesterkoning (Leeu en Lam, Op 5)
    c. Leviete dra die verbondsark – skuil "onder" ark – gelowiges skuil in Jesus
    d. Offers / fees in Jerusalem – lofoffers / bruilofsmaal van die Lam in nuwe Jerusalem
    e. Dawid regeer in Jerusalem – troon van God en Lam in nuwe Jerusalem
    f. Migal verag Dawid – Fariseërs verag Jesus (Mark 11:7-11, Luk 19:39-40) – maar nie in nuwe Jerusalem nie (Op 21:27)
5. Opsomming:
   **Dit is deurdat die Leviete (simbool van die gelowiges) die ark (simbool van die Here Jesus) dra (simbool van gelowiges wat in die Here Jesus skuil) dat hulle onder leiding van koning Dawid in priesterklere (simbool van die Here Jesus as die ware Priesterkoning) in Jerusalem inbeweeg (simbool van die nuwe Jerusalem, d.w.s. die ewige heerlikheid). Daar bring hulle offers aan die Here (simbool van die lofoffers wat gelowiges in die nuwe Jerusalem aan die Here sal bring) en hulle ontvang brood en koeke van Dawid (simbool van gelowiges wat aan die bruilofsmaal mag aansit saam met die Bruidegom, die Priesterkoning). Dit is ook in Jerusalem wat Dawid vir jare sou regeer (simbool van die troon van God en die Lam wat vir ewig in die nuwe Jerusalem sal wees). Maar in Jerusalem was daar 'n Migal wat Dawid verag het – daarteenoor sal daar in die nuwe Jerusalem nie iemand wees wat nie die Priesterkoning eer nie.**